

Sing vooraf: Psalm 138:1 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁿ in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 51:6 (p. 261)

- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 30:1 (p. 138)

- 1 Ek sal met hart en mond, o HEER, / u roem verkondig en u eer;
U het in guns na my gebed / geluister en my uitgered,
sodat die man wat my bestry het, / nie oor my smart hom kon verbly het.

Skriflesing: Handeling 8

Teks: Handeling 8:4

En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. (Handeling 8:4 AFR1953)

Aan wie het jy my Evangelie verkondig, sodat hy hom tot My kon bekeer? Dit is wat die Here eendag van ons sal wil weet.

Die Here Jesus gee 'n opdrag aan sy kerk wanneer Hy weggaan hemel toe. Die dissipels staan namens die hele kerk voor Hom as Hy sê:

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matteus 28:19 AFR1953)

Niemand gee 'n opdrag en kyk dan nie of die opdrag uitgevoer is nie.

- Soveel minder nie die Here nie.
- Dit is waarom elkeen van ons op hierdie punt tot verantwoording geroep gaan word.

Nou mag die redenasie wees dat die Here dit vir die apostels gesê het, en dat dit daarom net die ampsdraers moet wees wat hierdie roeping het. Daarom gaan kyk ons in die Bybel wie toe die mense was wat hierdie opdrag uitgevoer het.

In Jerusalem het die kerkleiers voortgegaan met hulle haat teen die Christene.

- Stephanus word gestenig. Saulus staan en toekyk – die manne wat Stephanus doodgegooi het, het hulle klere by die jongman neergesit om daarna te kyk.

Daarna gaan die vervolging verder.

- Die gemeentede word by hulle huise opgesoek en gevange geneem.
- Hulle kan dus nie meer langer in Jerusalem bly nie.
- Daarom vlug hulle na Judea en Samaria.

Daar was blykbaar in hierdie twee dorpe in daardie stadium geen vervolging nie. Nou sien u ook dadelik die hand van die Here in hierdie saak.

- Hy het hierdie mense uitdruklik die opdrag gegee om sy Evangelie aan alle nasies te gaan verkondig – en nou doen hulle dit nie.
- Hulle bly daar in Jerusalem.
- Die fout is dus in beginsel presies dieselfde as met die toring van Babel se geskiedenis.

Daarom tree die Here in beginsel ook weer dieselfde op.

- Hy jaag hulle uitmekaar.
- In hierdie geval beskik die Here 'n vervolging, sodat die Christene uit Jerusalem uit moet vlug, om dan die Evangelie te gaan verkondig waar hulle heen vlug.

So dra die Here self sorg dat die Evangelie uitgebrei word, al moet Hy dit doen deur die gelowiges te straf vir hulle traagheid om te doen wat Hy vra.

Nou staan hier in hierdie gedeelte iets baie belangriks.

- Die Bybel verhaal spesiaal dat die apostels in Jerusalem agtergebly het.
- Waarskynlik was dit in belang van die gelowiges wat nog in Jerusalem agtergebly het – ons weet nie. Die Bybel vermeld nie die rede nie.

Maar ons aandag is by die gelowiges wat uit Jerusalem uit gevlug het na Judea en Samaria. Wat doen hulle? Hulle verkondig die Evangelie.

Hierdie mense het 'n pragtige gesindheid.

- Hulle is nie ontevrede omdat hulle nie huisbesoek kry nie.
- Hulle hou ook nie op kerk toe gaan omdat hulle nou ver van die kerk af bly nie.
- Hulle spring self in en besluit dat hulle al hulle kragte ingooi om self die Evangelie uit te dra.

Dit is so 'n positiewe gesindheid dat ons almal daardeur besiel behoort te word.

- 'n Ware gelowige is so vol van Christus dat hy oorkook daarvan – hy vertel dit vir almal.
- Hy probeer beslis nie almal bekeer nie – dit is die werk van die Heilige Gees – maar hy getuig met woord en daad. Tydig en ontydig word die seën van die Here en die lieflikheid van sy goedheid vertel, en daarmee saam ook die nodige vermaning om te bly by dit wat die Here vereis.

So moet ons ook wees. Hierdie opdrag om die Evangelie te gaan verkondig se tyd het nie verbygegaan nie.

- Ons het so baie om aan ander mense wat nie glo nie, of wat glo, maar geestelik aan die slaap is, te verkondig!
- Ons hoef nie soos straatpredikers elke mens voor te keer nie, maar ons hoef net reg te leef, en wanneer die geleentheid daar is, oor die Here en sy genade en liefde te gesels. Die res doen die Here.

Daar is geen mens wat die Evangelie hoor en dan gebeur daar niks met hom nie.

- Óf jy glo, en jy dien die Here met hart en siel, en jy kan nie genoeg dank aan Hom betuig vir al sy genade nie,
- óf jy glo nie. (Miskien kan ons die koue gelowiges en die halfhartige gelowiges ook by die ongelowiges voeg?)

Die saak is net dat die Evangelie 'n mens in 'n rigting indruk.

- Hier lees ons dat sommiges geglo het, en vir hulle geloof moes vlug.
- Hulle het toe sommer die geleentheid ter hand geneem en nog meer gemeentes gaan stig.
- Ander het weer so kwaad geword oor die gelowiges se geloof dat hulle hulle begin doodmaak het.

Die mense wat vlug, vertel die Evangelie so ver as wat hulle vlug.

- As gevolg van hulle getuigenis bekeer die Here die ander mense.
- Daar word so baie mense bekeer deur hierdie lidmate van Jerusalem se kerk wat gevlug het dat mens wonder of dit werklik waar kan wees!
- Toe die apostels in Jerusalem weer hoor, is die hele volk van Samaria bekeer!

Hulle stuur toe dadelik vir Petrus en Johannes om die mense daar te gaan bedien.

- Hier ontstaan 'n gemeente sonder dat 'n ouderling of 'n predikant iets gedoen het.
- Dink net aan die krag wat die Heilige Gees hier aan die dag lê!
- Gemeentelede bring 'n gemeente tot stand wat dadelik twee predikante kon beroep!

Dan vertel die Here van een besondere persoon. Sy naam was Filippus.

- Hy was een van die diakens wat vroeër verkies is.
- Ons lees mos dat Stephanus, Filippus, Prochorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Niklaüs as diakens verkies is (Handelinge 6:5).

Dit is nou hierdie Filippus wat eenkeer in Samaria op 'n stad afgekom het.

- Hy het Christus aan hulle verkondig.
- Dit is al wat hy gedoen het – niks opspraakwekkends nie.

Die Here seën Filippus se prediking só dat

- lammes gesond word,
- dat die duiwels uit die besetenes uitgaan, en
- dat die hele stad in groot blydschap is.
- Selfs Simon, die towenaar, wat met sy toordery 'n leier in die stad was, kom tot bekering en bly by Filippus nadat hy gedoop is (13).

Dit is ook die krag wat van ons af moet uitgaan.

Die feit is dat dit nie regtig onder ons so gebeur nie.

- Dit moet ons nou nie só oor die saak laat voel dat ons nie eers wil probeer nie.
- Ons moet net ons bes doen met ons eie geloof en ons persoonlike geloofslewe.

- Ons is nie so sleg dat ons nie op standaard kan kom nie – ons het dan so baie van God se genade!

Dit is ook nie so onmoontlik dat ons al hoe meer 'n houding kan aanleer waarin God en sy koninkryk die belangrikste saak in ons lewe word nie.

- Dit kan, maar dan moet ons hard werk daaraan.
- Dit is ook waarom ons Nagmaal gebruik.
 - Hier verseker die Here ons dat Hy ons swakhede alles klaar versoen en vergewe het.
- Ons kan in die volle krag van die Heilige Gees voortlewe en voortglo!

God het ons dus op die pad vorentoe geplaas.

- Daarom moet ons op hierdie pad van kennis en heiligwording ook al verder gevorder wees as hierdie eerste Christene wat uit Jerusalem weggevlug het en 'n ander gemeente gaan stig het.

Die Here het soveel moeite gedoen dat ons hierdie Evangelie van verlossing moet hê!

- God se Seun kom sterf op die skandelikste manier waaraan mens kan dink.
- Dit gebeur sodat ons die voorreg mag hê om te weet dat ons onvervreembaar aan God behoort.
- Ons moet majesteitlik werk met hierdie Evangelie – ons mag dit nie wegsteek nie.

Ons moet besef dat ons wat in die kerk is, die uitverkorenes is.

- Daarom moet ons die uitverkiesing in sy volle genade besef, beleef en verkondig.
- Ons moet so onder die indruk wees van die geweldige grootheid van hierdie saak dat ons altyd in ons binneste behoort te jubel.
- Dink net: ek behoort aan die Here. Die hiernamaals is 'n lieflike plek en ek gaan daar wees! Selfs in die dood beskerm die Here my!

Wat meer kan mens vra? Hierdie dinge is al klaar so geweldig groots dat ons verstand dit nie kan bevat nie. Ons moet hieroor dink sodat ons ook meer vreugde uit die lewe kan put.

In Handeling 1:8 is Jesus self aan die woord en Hy sê:

Julle sal My getuies wees!

Dit is ons! Ons moet dus werklik en lewend getuig van die Here!

Daar is baie dinge wat ons kortwiek dat ons nie getuienis lewer nie.

- By ons Gereformeerdes is dit omdat ons in ons dogma baie voorbehoude het wat nie altyd reg is nie.
- Ons dink dat dit net die sektes is wat loop en getuig.
- Dit is nie waar nie! Ons moet ook! Maar ons moet dit reg doen!

Die tweede een is ons oorversigtigheid.

- Ons skuil baie keer agter verskonings soos:
 - Ek praat nie, want netnou is daar moeilikheid!
 - Ek bly maar stil oor die dinge, want ek kan nie juis praat nie.
 - Ons bespreek liever nie ons lewensvoorbeeld nie, want ons weet dat daar dikwels baie dinge is waarvoor liever geswyg behoort te word.

Maar die Bybel leer ons iets anders. Markus 13 leer dat ons nie moet bang wees om te praat wanneer daar gepraat moet word nie. Die Heilige Gees sal aan ons die krag gee.

Ons mag nie agter ons swakhede skuil nie. Die Here werk deur ons.

- Kom ons wees instrumente van God wat met blydskap lewe en regverdig vertoon en praat van die verlossing en versoening van die Here Jesus Christus.
- Kom ons werk aan onself, want as die Here al hierdie genade beskik het oor mense wat maar nuut was in al die dinge – hoeveel meer genade het ons nie ontvang wat van jongs af leef in die krag van die Heilige Gees nie!

Amen.

Slotgebed

Psalm 68:15 (p. 337)

15 O Koninkryke, sing Gods lof! / Laat psalme oprys uit die stof – /dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, bekleed met eer en mag, / hoog deur die hemel van sy krag / wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug, / verkondig in die hoë lug / sy mag voor al die volke.
Gee sterkte^oaan God – sy hoogheid is / oor Israel, sy erfenis; / sy mag is in die wolke.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 16 November 2008